

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD	12
DATUM	MEI/JUNIE 2026
VAK	AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL	2
PUNTETOTAAL	80
TYDSDUUR (UUR)	2½
AANTAL BLADSYE	30



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE	
VERGADERINGSDATUM	18 Februarie 2026 (21 Feb finaal proeflees)
UMALUSI-MODERATOR	Mev. Ronel Bence
HOOFNASIENER	

INTERNE MODERATOR	
--------------------------	--



NASIENRIGLYNE

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. ('n Kandidaat mag nie die literêre vraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
2. Indien 'n kandidaat in **AFDELING A** al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. Indien 'n kandidaat in **AFDELING B** en **C** twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al twee die vrae in **AFDELING B** en **C** beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een literêre vraag beantwoord is.
4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is korrek, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer.
5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nommers op die memorandum nagesien.
6. Taalfoute in antwoorde van kontekstuele vrae word nie geïgnoreer nie. Indien die spelling die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit as verkeerd aangedui. Indien die spelling nie die betekenis beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
7. Literêre opstel:
Indien die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie geïgnoreer nie omdat hy/sy, hom-/haarself ten opsigte van inhoud geïgnoreer het. Indien die opstel te lank is, word dit op meriete geassesseer en met die senior nasiener bespreek. Die memorandum is slegs 'n riglyn; daarom moet ander relevante feite ook as korrek aanvaar word. Gebruik die aangehegte rubrieke as riglyn vir die nasien van die literêre opstelle.
8. Kontekstuele vrae:
Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie geïgnoreer nie.
9. By antwoorde van oop vrae word geen punt(e) toegeken vir **JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE, WAAR/ONWAAR, FEIT/MENING**. Die geldige rede/motivering bepaal hier die toekenning van die punt al dan nie.



AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Suiwer wiskunde – N.P. van Wyk Louw

Gebruik die rubriek vir nasien van hierdie vraag.

Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/insiggewende feite wat nie hier opgeneem is nie.	
<i>Die spreker maak gebruik van drie beelde, naamlik die aarde, die see en die lug, om die volle omvang van die gevolge van die stolling van tyd uit te beeld. Bespreek hierdie beelde en die daaropvolgende gevolge in 'n opstel van 250 tot 300 woorde</i>	
Kandidate gee eie inleidingsparagraaf.	
• Een van die drie beelde wat deur die spreker gebruik word, is die aarde,	want die voorbeelde wat gebruik word is van 'n by en 'n blom, dus lewe op aarde.
• Nog een van die drie beelde wat deur die spreker gebruik word, is die lug,	want daar word genoem dat die lug stil gaan staan.
• Die laaste beeld van die drie beelde wat deur die spreker gebruik word, is die see,	want daar word spesifiek na die brander wat stilstaan, verwys.
• Die drie beelde word gebruik,	want dit beeld die voortgang van lewe/lewegewende aksies/kringloop van die lewe uit.
• Die gevolge van die stolling van tyd op aarde is skrikwekkend,	want die by kom nie by die blom uit om dit te bevrug nie. Geen saad kan dus skiet nie en nuwe lewe/blomme/plante sal nie groei nie.
• Die gevolge van die stolling van tyd op die see keer 'n verdere kringloop van die lewe,	want die brander kan nie in die see val nie en dus nie na die strand gespoel word nie. Die nuwe lewe/seelewe/diertjies uit die see kan dus nie die oorgang na die land maak nie./Geen getye om die natuurlike proses van die oseane te voltooi, sal bestaan nie.
• Die gevolge van die stolling van tyd op die lug bring alle lewe tot 'n einde,	want geen winde kan waai om bestuiwing te bewerkstellig nie/geen reënwolke wat water vir nuwe lewe laat val, kan vorm nie/geen nag vir rus en ander natuurlike naglewe kan opdaag nie.



•	Die gevolge van die stolling van tyd op die lewe is ondenkbaar,	want die kringloop tussen lewe en dood verstar en sonder dood kan daar nie lewe wees nie, en sonder lewe kan daar nie dood wees nie.
Kandidate gee eie slotparagraaf.		
		[10]

EN / OF



VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Vroue van Vermeer – T.T. Cloete

		PUNT	VLAK
2.1	Rustig/vreedsaam ✓	(1)	4
2.2	In 'n beeldgedig vind die digter inspirasie uit beeldende kunste. ✓ In hierdie gedig het die digter sy inspirasie uit die werke van Vermeer, 'n skilder, gekry. ✓	(2)	1/2
2.3	In die Hollandse goue eeu was vroue alleen, afgesonder en ingeperk. ✓ Tot onlangs was daar die stereotipering dat vrouens kinders moet grootmaak en die huis moet skoonmaak, terwyl die man die broodwinner van die huis is. ✓	(2)	3
2.4	Kontras/teenstelling. ✓ <u>Veraf</u> brief teenoor <u>naby</u> . ✓	(2)	3/4
2.5	Gebrek aan vaste rympatroon. Wisselende verslengtes. Geen strofepbou. ✓✓ [Enige TWEE relevante antwoorde]	(2)	2
2.6	Vroue moet vandag hulle plek in die lewe inneem. ✓	(1)	3
			[10]

EN / OF



VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Die bokser – Ernst van Heerden

		PUNT	VLAK
3.1	Dit dui op al die reëls/regulasies/inperkings ✓ waarin ons in die geveg van die lewe leef. ✓	(2)	3
3.2	Die woord liemaak suggereer die bokkers se <u>vaardigheid</u> ✓ om mekaar te <u>flous</u> . ✓	(2)	4
3.3	Ellips. ✓ Dit dui op elke hou wat die bokser swakker maak. ✓	(2)	2
3.4	my ✓	(1)	1
3.5	Die gedig handel oor aksies/reaksies. Die werkwoorde dra dus by tot die beweeglikheid van die aksies en reaksies. ✓	(1)	3
3.6	Mense is weerloos ✓ teen al die houe wat die lewe ✓ ons toedien.	(2)	3
			[10]

EN / OF



VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Dienaar van die gereg – Patrick Peterson

		PUNT	VLAK
4.1	Die korrekte verwysing is gewoonlik dienaar van die gereg (polisiebeampte) wat baie keer 'n negatiewe konnotasie het ✓ teenoor dienaar van die nagereg wat op iets positiefs/lekkernye dui. ✓	(2)	3
4.2	Die digter se voorletters / Patrick James Peterson ✓ [Die letters moet duidelik uitgelig word indien slegs die name en van gegee word.]	(1)	1
4.3	Konnotatief: Lang arm van die gereg/polisiebeampte. ✓ Denotatief: Sy arms was baie lank. ✓	(2)	3
4.4	b-alliterasie/ buite brand die blou lig blouer ✓ Die b-alliterasie beklemtoon die beskermingstaak van die polisie./Die blou lig moet die regering beskerm teen watter bedreiging daar ookal is. ✓	(2)	1/4
4.5	u ✓	(1)	1
4.6	Alhoewel jy nie van die werk hou wat jou ouers/geliefde doen nie, ✓ kan jy hulle steeds liefhê. ✓	(2)	4
			[10]

EN

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG****ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)****Safari – D. J. Opperman**

		PUNT	VLAK
5.1	'n Safari is 'n reis wat reisigers neem om in die natuur te wees/na die natuur/wild te kyk. ✓ Saharas en savannes ✓ [Beide vir EEN punt] [Of soortgelyk]	(2)	1/3
5.2	Om weg te raak/te verdwyn. ✓	(1)	2
5.3	Dis 'n metafoor vir die lewe/die reis van die lewe/die paaie wat ons lewens neem/volg. ✓ Die gedig is geskryf in die vorm van kronkels en draaie soos paaie./ Die tipografie beeld die hartklop uit soos op 'n hartmonitor wat lewe aandui.	(2)	3
5.4.1	Die dood. ✓	(1)	1
5.4.2	Almal en alles/mens en dier op aarde gaan eendag sterf. ✓ “alles”/“wêreldrond” ✓	(2)	1/3
5.5	Die punt wat alleen in die reël staan, beklemtoon die finaliteit van die dood. ✓ Die vreemde voorkoms beeld die gaatjie in die grond/die graf uit. ✓	(2)	4
			[10]
TOTAAL AFDELING A: [30]			



AFDELING B: ROMAN

VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL

Onderwêreld – Fanie Viljoen

Gebruik die rubriek vir nasien van hierdie vraag.

Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/insiggewende feite wat nie hier opgeneem is nie.		
<i>Greg is vol selfvertroue en beskou homself as “bullet proof”, maar in die roman toon sy karakter 'n dieper karakterontwikkeling.</i> <i>Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur te verwys na sy karaktereienskappe en sy karakterontwikkeling.</i>		
Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf.		
•	Greg toon tekens van emosionele broosheid,	want hy sukkel om sy broer se dood te verwerk.
•	Hy het 'n gebrek aan selfvertroue,	want sy pa se aanhoudende kritiek en klem op prestasie, ondermyn hom emosioneel.
•	In die begin probeer hy veral sy ma gelukkig hou,	want sy is eensaam en hartseer en hy sal alles doen om haar op te beur.
•	Hy onderdruk sy emosies en raak afgestomp,	want sy pa laat nie emosionele uitdrukking toe nie – hy is selfs verbied om tydens sy broer se begrafnis te huil.
•	Hy word gedwing om gehoorsaam en stil te wees,	aangesien hy nie toegelaat word om sy opinies of gevoelens uit te spreek nie.
•	Hy ervaar enorme spanning,	weens die druk wat sy pa op hom plaas om altyd sterk en suksesvol te wees.
•	Greg het 'n avontuurlustige gees,	iets wat hy met sy broer gedeel het deur aan ekstreme sport deel te neem.
•	Hy tree dikwels uit die hoogte op en is skynheilig,	aangesien hy voorgee om opreg te wees en ander met 'n vals glimlag probeer paai.
•	Geld speel 'n oorheersende rol in sy lewe,	want hy ontvang dit skelm van sy ma af in plaas van liefde en aanvaarding.
•	Greg word as 'n sterk leierfiguur beskou,	aangesien hy die hoofseun van sy skool is en ander leerders na hom opkyk.
•	Onderwysers beskou hom as 'n voorbeeldige en gehoorsame leerder,	omdat hulle hom vertrou en van hom hou.



•	Greg is arrogant en sien homself as onaantasbaar,	want hy glo hy is “bullet proof”/want hy besef hy is sy pa se skouperd./Die kuberkraak-naam wat hy kies skep die illusie van beheer (G-force)./Hy beklemtoon ook sy status as hoofseun tydens ondervraging deur die polisie.
•	Greg begin toenemend rebels optree by die skool,	omdat hy nie daarmee saamstem dat almal gedwing word om in die voetspore van die sogenaamde baanbrekers te volg nie/hy die skool nie as 'n voorreg sien nie en nie lojaal voel teenoor die stigter nie.
•	Greg raak onverantwoordelik,	want hy verwaarloos sy skoolwerk en pligte terwyl hy al hoe meer betrokke raak by die onderwêreld.
•	Hy is onervare en kwesbaar vir versoekings,	want hy word maklik beïnvloed, wat maak dat hy in Eckardt se strik val en hom by die onderwêreld aansluit/want Eckardt vind dit maklik om hom in te trek in die onderwêreld in.
•	Greg begin teen die heersende rugbykultuur en die gevreesde Dok Pienaar in opstand kom en weier om te speel,	want hy voel die skool stel nie genoeg belang in die soektog na Eckardt nie.
•	Greg gaan voort met sy onwettige aksies,	want hy jok vir die polisie/betree Eckardt se kamer sonder toestemming/steel die sleutel na Eckardt se kamer.
•	Greg besef dat hy nie altyd gaan wegkom met verkeerde optredes nie,	want hy word geskors en sy skoolvriende jou hom as 'n lafaard uit.
•	Greg se bravade oor sy vermoë om Dok se rekenaar te kon kraak verdwyn gou,	want Dok dreig hom ná sy arrestasie buite die polisiekantoor/want sy eie pa word deur die inligting wat Greg gesteel het, vernietig.
•	Greg besef dat sy weersin in sy pa nie sterk is nie,	want hy wil sy pa nie in die tronk laat beland nie.
•	Greg besef hy is nie “bullet proof” nie,	want sy aksies/sy pa se aksies/Eckardt se aksies maak seer en beïnvloed sy hele toekoms.
Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf.		
[25]		

OF



VRAAG 7 KONTEKSTUELE VRAAG

Onderwêreld – Fanie Viljoen

		PUNT	VLAK
7.1.1	Greg Owen. ✓ Hy is die hoofseun/eerstespan rugbyspeler/gewilde leier. ✓	(2)	2
7.1.2	Hy is emosioneel betrokke ✓ en voel aangeraak/trots/aangedaan wanneer die Trappers die skoollied sing. ✓	(2)	2
7.2	Die graad agts. ✓ Die matrieks maak die Trappers in die nag wakker en jaag hulle deur die skool se ondergrondse tunnels, ✓ 'n ritueel wat hulle deel van Lawson Kollege maak. ✓	(3)	1/3
7.3	Die seuns het nie die ontgroening/toets geslaag nie ✓ en sal dus nie in Lawson Kollege aanvaar word nie. ✓	(2)	4
7.4	Greg raak betrokke in kuberkrakery. Hy vind uit dat Dok en sy trawante deel van 'n onderwêreld is wat mense se dood veroorsaak. Greg se lewe word hel nadat hy alles rakende die saak uitvind. ✓ Hy verloor homself in die kuberkrakery ✓ en verloor sy geloofwaardigheid by die skool. ✓ [Leerder se eie goeie en relevante antwoord]	(3)	3
7.5	Eckardt. ✓ Hy het sy aansoek vervals en onwettig toegang gekry. ✓ Sy pa is nie deel van die elite-groep van oud-Lawson-leerlinge nie. /Sy pa is nie ryk en invloedryk nie en dit is die enigste wyse waarop leerders toegang tot die skool kan kry. ✓	(3)	1
7.6	Bergville./Op pad van die kafee af./By die polisiestasie. ✓ [Enige EEN]	(1)	1
7.7	Die stigters van Lawson Kollege. ✓ Sterk leiers met sterk waardes word daar gekweek./Die leerders moet lojaal wees./Uitblink op alle gebiede/presteer./Hulle word "opgelei" as invloedryke sakemanne van die toekoms. ✓✓ [Enige TWEE waardes]	(2)	1/3
7.8	Dok is in hegtenis geneem vir sy aandeel in Project Nursery Rhyme (waarin mense dood is). ✓ Hy weier om te aanvaar hy is uitgevang./Hy is kwaad omdat hy uitgevang is./Weier om verantwoordelikheid vir sy daade te aanvaar. ✓ [Aanvaar TWEE goeie redes wat uit die aksie afgelei kan word.]	(2)	1/4



7.9	Hy is onseker of hy die regte besluit gemaak het oor die kuberkrakery/om Dok en sy trawante uit te vang/alles in sy vermoë te doen ✓ om vir Eckhardt te vind. ✓ Leerder se eie antwoord oor hoe hy in Greg se geval sou optree. Bv. Ek sou te bang gewees het en dit gelos het, ✓ want kuberkrakery is teen die wet. ✓	(4)	3/5
[25]			



VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL

Branderjaer – Joha van Dyk

Gebruik die rubriek vir nasien van hierdie vraag.

Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinnvolle/insiggewende feite wat nie hier opgeneem is nie.		
<i>Karakterisering is 'n belangrike aspek van enige roman. Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin Deidre se karakterbeelding en karaktergroei volledig uiteengesit word.</i>		
Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf.		
•	Sy lewer goeie akademiese werk en is baie toegewyd,	omdat haar ma hoë verwagtinge van haar het.
•	Deidre staan bekend as “mejuffrou Volpunte”,	omdat sy uitstekend presteer in die meeste van haar vakke, met Wiskunde as uitsondering.
•	Deidre ontmoet vir Louw,	want haar onderwyser het gereël dat hy haar tutor word. Hoewel sy aanvanklik nie daarvan hou nie, stem sy tog in.
•	Sy hou die Wiskundelesse wat sy by Louw ontvang, geheim vir haar ma,	omdat hulle 'n gespanne verhouding het.
•	Sy voel te onseker om die tyd wat sy met Louw spandeer aan haar ma te vertel,	want sy vermoed haar ma sal dit afkeur en
•	al voel dit vir haar teenstrydig, ontwikkel sy gevoelens vir Louw ten spyte van sy slegte reputasie,	omdat hulle openlik met mekaar gesels en sy veilig by hom voel.
•	Teen haar geaardheid, raak sy ook nuuskierig oor sy vriende en hul aktiwiteite,	want sy vra hom telkens oor hulle uit/spandeer meer tyd saam met hulle/gaan meer gereeld strand toe om die branderyery dop te hou.
•	Deidre oorkom haar inherente vrees vir gevaar,	want sy soek en ontdek inligting wat gevaarlik is – onder andere dat Pieter Volstee se pa die hoof van die Kringmakers is en betrokke is by dwelmhandel.
•	Deidre begin al hoe meer risiko's neem,	want sy besoek weer die strand, iets wat sy vermy het sedert haar neef se dood vier jaar vantevore/sy swem saam met Louw en gaan een aand alleen na Breekwater om ondersoek in te stel.



•	Haar selfvertroue groei merkbaar,	want sy daag vir Pieter Volstee uit oor sy pa se betrokkenheid by die Kringmakers en ontdek tot haar ontsteltenis dat haar eie pa ook daarin verstrengel is.
•	Sy het die moed om haar vriendskap met Pieter te beëindig,	want sy het 'n deel van haarself leer ken en besef dat sy Pieter ontgroeï het.
•	Teen die einde van die verhaal staan Deidre vas in haar besluite,	want sy sê vir haar ma dat sy eerder BA as LLB wil studeer en vertel haar ook van haar verhouding met Louw.
•	Deidre se karakter ontwikkel van 'n stil, teruggetrokke meisie wat alles maar aanvaar,	want sy groei tot 'n selfversekerde jong vrou wat vir haar drome opstaan en eerlik met haar ma begin kommunikeer.
Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf.		
		[25]

OF



VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

Branderjaer – Joha van Dyk

		PUNT	VLAKE
9.1.1	Deidre se ma toon geen emosie nie/is koud en ongenaakbaar. ✓ Dit het 'n invloed op hulle verhouding aangesien Deidre alles sal doen om haar ma tevrede te stel en ook vir haar sal jok./Die verhouding tussen ma en dogter word dus negatief deur die ma se kilheid beïnvloed./Deidre het nie vrymoedigheid om eerlik en openlik met haar ma te wees nie. Deidre steek belangrike goed in haar lewe vir haar ma weg./Haar ma wil altyd ten volle in beheer wees en probeer alles vir Deidre doen. ✓✓ [Enige TWEE]	(3)	3
9.1.2	Mislukking ✓	(1)	1
9.2.1	Die Branderjaers ✓	(1)	1
9.2.2	Die Branderjaers is betrokke by die onderwêreld van gevegte, ✓ die Kringmakers, ✓ dwelms en onverantwoordelike en gevaarlike gedrag. ✓ [Enige TWEE]	(2)	2
9.3	Louw ✓ Hy help haar met Wiskunde./Hy het ook 'n groot aandeel daarin om Deidre te help om weer op die strand te kom ná haar neef se dood. /Hy help Deidre om haar eie waarde te besef./Hy help Deidre om op te staan teen haar ma. ✓✓ [Enige TWEE]	(3)	1/3
9.4	Haar ma wil altyd in beheer wees./Haar pa en ma se verhouding is nie goed nie./Haar pa is gereeld nie by die huis nie./Hulle is nie 'n hegte gesin nie. ✓✓ [Enige TWEE]	(2)	4
9.5	Louw ✓ Bitter/Bittereinder. ✓	(2)	1
9.6.1	Louw neem in die geheim dramaklasse. ✓ Hy wil gaan drama studeer ná skool. ✓ Hy moet met Deidre se ouers praat en herinner homself daaraan om duidelik te praat – dit wat hy in die klasse geleer het. ✓	(3)	3
9.6.2	Hy voel geïntimideerd deur Deidre se ouers./Hy weet nie hoe om op te tree in hierdie situasie nie./Dit wat hy geleer het het verdwyn in die situasie waarin hy hom bevind./Hy weet nie hoe om die vrae wat Deidre se ouers vra te antwoord nie. ✓ [Enige EEN]	(1)	5



9.7	Een van die Jaers. ✓ Hy dink nie voor hy praat nie./Is altyd haastig en wil klaarkry met dinge. ✓	(2)	1/3
9.8	Sy is 'n advokaat. ✓ Sy is gewoon daaraan om mense te ondervra. /Sy is uit die aard van haar werk suspisies en hard op mense. ✓	(2)	1/4
9.9	Hy verstaan vir Louw ✓ en smag self na bietjie opwinding/adrenalin. ✓	(2)	3
9.10	Leerder se eie respons. Bv. Ek dink dit is wat tieners doen en dat dit die tyd van ons lewens is wanneer ons bietjie waaghalsig kan wees. ✓	(1)	5
[25]			



VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL

Donker web – Fanie Viljoen

Gebruik die rubriek vir nasien van hierdie vraag.

Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinnvolle/insiggewende feite wat nie hier opgeneem is nie.		
<i>Greg ondergaan karakterontwikkeling in die roman en ontwikkel as 'n sterk en onafhanklike karakter. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.</i>		
Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf.		
•	Greg word 'n buitestander,	want medestudente hou hom op 'n afstand en skinder oor hom as gevolg van sy pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme.
•	Greg is vasberade om die Baker te ontmasker,	want hy wil verstaan waarom sy pa en Dok Pienaar nie daaroor praat nie/wil seker maak dat die Baker ook gestraf/ontmasker word.
•	Greg se sterk karakter en deursettingsvermoë en onafhanklikheid kom na vore,	want die Baker se waarskuwings om die saak te los val op dowe ore./Selfs al word Tom doodgemaak bly Greg gedetermineerd om die saak op te los.
•	Greg toon karakterontwikkeling,	want hy besef hy en Xander moet saamwerk om die saak op te los en die Baker te vind.
•	Greg groei deur te leer hy moet eerlik wees,	want hy besef hy kan nie vir Xander goed wegsteek as hy die Baker wil vind nie.
•	Verdere groei vind by Greg plaas wanneer hy moeilike keuses moet maak,	want hy moet vir Plank, sy beste vriend, in Turkye los aangesien Xander weier om hom te help as Plank saamkom.
•	Greg is onverantwoordelik om alleen na die Baker se huis te gaan,	want dit is lewensgevaarlik. Hy besef dit en vertel vir Xander die waarheid./Hy wil onafhanklik wees en voorbereid wees op wat kom.
•	Greg leer dat wraak duur is,	want sy pa is amper in die tronk vermoor as gevolg van sy soeke na die Baker en Plank is dood.
•	Greg toon groei wanneer hy sy pa ná die voorval besoek,	want hy kom tot insig dat bloed dikker as water is en hy vergewe sy pa.
•	Verdere groei vind plaas wanneer Greg besef dat jy die mense om jou moet koester,	want daar gaan nog baie struikelblokke in die toekoms wees en dat jy daar moet wees vir die mense wat jy liefhet.



•	Greg toon groei en word onafhanklik,	want hy het al die situasies en gevare om die Baker te vind doelgerig nagevolg en as wenner uit die stryd getree./Hy vergewe sy pa./Hy werk saam met Xander.
Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf.		
[25]		

OF



VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

Donker web – Fanie Viljoen

		PUNT	VLAK
11.1.1	Greg Owen. ✓ Hy erken dat hy foute gemaak het. ✓ Hy wil wraak neem. ✓	(3)	1/3
11.1.2	Hy het sopas na die gewelddadige video gekyk waarin Xander se pa gruwelik vermoor is. ✓	(1)	2
11.2	Xander was onder die indruk dat Greg ✓ die video van sy pa se dood op die internet gelaai het. ✓	(2)	1
11.3.1	Dit is 'n knoop wat klaarblyklik nie losgemaak kan word nie. ✓	(1)	2
11.3.2	Die moeilike situasie, om die Baker te vind, moet opgelos word./ Hulle moet die onmoontlike probeer doen deur die Baker op te spoor. ✓ Die raaisel van die Baker se identiteit moet opgelos word. ✓	(2)	3/4
11.4.1	'n Kinderversie/-rympie. ✓	(1)	4
11.4.2	Valkyrie, ✓ die Butcher ✓ en die Candlestick-maker. ✓	(3)	1
11.5	Dit is gepas, want dit is tipiese <u>informele</u> taal ✓ wat <u>tieners/jongmense</u> op sosiale media gebruik. ✓	(2)	3
11.6	'n Skootrekenaar/'n boek/'transponder'. ✓✓ [Enige TWEE]	(2)	1
11.7	In Venesië. ✓ Oom Dirk het na Greg kom soek om nuus aangaande sy pa/ma aan Greg mee te deel/om na Plank te kom soek namens sy dogter. ✓ Oom Dirk besluit later om te bly om Greg en Xander te help om die Baker/Plank te soek. ✓	(3)	3
11.8.1	Greg voel angstig aangesien alles waarvoor hy gewerk het, al die kuberkraak en leuens, nou tot 'n punt kom/tot 'n einde gaan kom. ✓ Hy gaan uitvind wie die Baker is wat al die hartseer en wanorde veroorsaak het. ✓	(2)	3
11.8.2	Leerder se eie antwoord. Bv. Ek sou alles in my vermoë gedoen het om die waarheid uit te vind, ✓ want my lewe sou nie kon aangaan as ek nie geweet het wie die Baker is nie. ✓ [Aanvaar volledige gemotiveerde antwoorde.]	(2)	5



11.9	Leerder se eie antwoord. Bv. Nee, ek dink om geskiet te word was te vinnig, hy moes tronk toe gegaan het en daar vrees ervaar het soos Dok en Greg se pa. ✓ [Aanvaar goed-gemotiveerde antwoorde.]	(1)	5
			[25]
TOTAAL AFDELING B: [25]			



AFDELING C: DRAMA

VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL

Krismis van Map Jacobs – Adam Small

Gebruik die rubriek vir nasien van hierdie vraag.

Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige /sinvolle/insiggewende feite wat nie hier opgeneem is nie.		
<i>In hierdie drama, Krismis van Map Jacobs, speel die orkes 'n belangrike rol in die tema van Map se bevryding, maar ook van sy gevangenskap. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde.</i>		
Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf.		
•	Die orkes se naam hou ironies verband met temas van verwerping en identiteitloosheid,	want hoewel dit na die Betlehemster en Christus se vergifnis verwys, kry Map juis nie in hierdie tyd van vergifnis 'n tweede kans in die orkes nie.
•	Die naam van die Kersorkes, Star of the Redemption, hou verband met Map se bekering,	want al het hy tot inkeer gekom, is hy steeds nie toegelaat om weer lid van die orkes te word nie.
•	Die orkes speel 'n rol in die gemeenskap se verwerping van Map en sy soeke na aanvaarding,	want soos sy vorige werkgewers, weier hulle ook om hom 'n nuwe kans te gee.
•	Die orkes se naam kan ook gesien word as 'n teken van emosionele bevryding vir Map,	want dit hou verband met vergifnis ná bekering en verlossing van skuld.
•	Die orkes dra by tot die feestelike atmosfeer in die straat,	want dit help die inwoners – insluitend Tommy – om hul moeilike omstandighede vir 'n oomblik te vergeet.
•	Die orkes versterk die spanning oor Map se terugkeer,	want hulle speel dramatiese hul laaste note wanneer Cyril die vrees noem dat Map van Blanchie sal uitvind.
•	Toe Miriam na Map uitvra, help die orkes om spanning te skep,	want die musiek stop skielik, wat aandui dat iets ernstig aan die gang is.
•	Die orkes se reaksie op Miriam se navraag voorspel Map se latere verwerping,	want kort daarna word Map vrygelaat en sê hy dat die orkes hom nie weer wil hê nie.
•	Map se herinneringe aan die orkes hou verband met sy hoop in die tronk,	want hy noem sy parool en die orkes in dieselfde asem.



•	Die orkes simboliseer vir Map 'n gelukkiger tyd,	want toe hy nog deel van die groep was, het hy saam met hulle kompetisies gewen.
•	Daar is respek vir Map se musiekvermoë,	want Tommy verwys na sy vaardigheid op die saxofoon en die pryse wat hy gewen het.
•	Tommy is die enigste een wat Map weer probeer insluit,	want hy praat van die orkes se oefening asof hy Map daar verwag.
•	Map is as die beste saxofoonspeler onvervangbaar,	want niemand anders kon daardie instrument soos hy bespeel het nie.
•	Die saxofoon bied vir Map die moontlikheid van behoort en bevryding,	want dit het hom 'n gevoel van identiteit as orkeslid gegee, wat hom later weer ontnem is.
•	Die saxofoon herinner aan 'n tyd van hoop en onskuld,	want dit simboliseer die potensiaal wat Johnnie se lewe destyds gehad het.
•	Map word as 'n leier beskou,	want sy spel op die saxofoon – die koning van die instrumente – verbind hom simbolies met gesag en invloed.
•	Die slot met saxofoonspel suggereer versoening en herstel,	want dit wys dat Map weer 'n plek in die gemeenskap het, en sy ma roep sy naam saam met die musiek.
•	Apostel George se lofsange speel 'n rol in Map se bekering,	want deur hulle ervaar hy geestelike bevryding in die tronk.
•	Map se bevryding van skuld word bevestig,	want hy sing intens saam met die Apostel as teken van sy berou.
•	Map is ten volle deel van die bekeringsproses,	want hy is moeg ná die sang, wat wys hoe diep hy betrokke was.
•	Die lofliedere bevestig Map se bekering,	want hy en die Apostel herhaal saam die woorde van lof as 'n geestelike refrein.
•	Die geestelike sang is simbolies,	want dit verwys vooruit na die slot waar Map weer die saxofoon hoor soos in die verlede – 'n teken van sy vryheid.
Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf.		
[25]		

OF



VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

Krismis van Map Jacobs – Adam Small

		PUNT	VLAK
13.1	Hy is geldgierig. ✓ Hy gebruik/misbruik mense. ✓	(2)	3
13.2.1	Hy werk by die poloniefabriek. ✓ Hy verkoop <i>soft goods</i> /onderklere. ✓ Om genoeg geld bymekaar te maak om uit die township te trek. ✓	(3)	1
13.2.2	Cavernelis misbruik sy eie dogter ✓ as prostituut om geld te maak vir sy behoefte om daar weg te kom. ✓	(2)	3
13.3	Sarkasties, ✓ want Cavernelis laat toe dat Blanchie misbruik word wat nie 'n "decent" optrede van 'n pa is nie. ✓ / Bitter ✓, want Cyril voel dat Cavernelis neerkyk op hulle omdat hulle dalk nie "decent" is nie. ✓	(2)	4/5
13.4	Uiterlike konflik. ✓ Maud het vir Cavernelis ingeroep waarna Cyril-hulle weggestap het. ✓	(2)	1/3
13.5	Dit beklemtoon wie die "onse types" is waarvan Cyril praat. ✓	(1)	3
13.6	Die kandidaat se eie respons, bv Ja. Cavernelis sal enigiets doen om uit die township weg te kom./ Cavernelis weet dat Blanchie op hierdie manier meer geld kan inbring. ✓ OF Nee. Die "massage parlour" is 'n gewone/normale salon waar masserings gedoen word./Niemand weet of die stories regtig waar is nie./Blanchie doen die masserings uit haar eie uit, want sy wil net so graag uit die township ontsnap. ✓✓ [Of soortgelyk	(1)	5
13.7	Dis uitroepe/vrae/antwoorde van naamlose mense in 'n groep. ✓	(1)	2
13.8	Ná die Kersorkes. ✓ Die orkes/-leier tree nie vergewensgesind/ met vergifnis op nie. ✓	(2)	2
13.9.1	Nee. Oompie Paulsen was onverdraagsaam teenoor Map/wou Map nie weer in die Kersorkes laat speel nie. ✓	(1)	5



13.9.2	Oompie Paulsen is nie vergewensgesind nie/is 'n perfeksionis/ gee niemand 'n tweede kans nie/is toegewyd aan die orkes. ✓ [Enige DRIE]	(3)	3
13.10.1	Vasgevangendheid – Maud is in haar woonstel vasgevang/kom nie uit haar woonstel nie/bekyk die lewe in die township vanuit die venster. ✓	(1)	3
13.10.2	'ytkom' ✓	(1)	1
13.11.1	Sy werk by die masseersalon./ Sy is 'n prostituut onder die dekmantel van modelwerk, die mense van Constantia kom na haar toe. Blanchie (en haar pa, Cavernelis) beskou hul as verhewe bo die inwoners/"haitie-taitie". ✓✓ [Enige TWEE]	(2)	1
13.11.2	Die kandidaat se eie respons, bv. Ja. Die kerrimspelers weet dis verkeerd dat Blanchie by 'n masseersalon werk./Sy werk ten minste, hulle lê net rond. ✓ OF Nee. Ander mense het nie iets te sê oor Blanchie se keuses in haar lewe nie. ✓	(1)	5
[25]			



VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL

My Japan – Schalk Schoombie

Gebruik die rubriek vir nasien van hierdie vraag.

Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinnvolle/insiggewende feite wat nie hier opgeneem is nie.		
<i>Karakterisering is 'n belangrike aspek van enige drama. Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin Ilse se karakterbeelding en karaktergroei volledig uiteengesit word.</i>		
Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf.		
•	Ilse en haar ma het 'n gespanne verhouding,	want haar ma stel baie hoë eise aan haar.
•	Ilse is ongelukkig in haar huislike omgewing,	want sy sukkel met die disfunksionele dinamiek in haar gesin.
•	Ilse spreek nie haar gevoelens teenoor haar ma uit nie,	want sy skep eerder 'n verbeeldingswêreld waarin sy Japan, waar haar niggie woon, idealiseer.
•	Ilse toon 'n onafhanklike en opstandige geaardheid,	want sy verkies haar verbeeldingswêreld bo die werklikheid waarmee sy nie wil vrede maak nie.
•	Haar persoonlike groei word aanvanklik vertraag,	want die dood van haar boetie laat haar steeds met skuldgevoelens en hartseer.
•	Lukas dra sterk by tot Ilse se emosionele ontwikkeling,	want hy bied haar onvoorwaardelike ondersteuning en wen haar vertroue.
•	Ilse begin groter empatie vir ander ontwikkel,	want sy help Elzette wanneer sy haarself seermaak en verstaan haar buitelanderskap.
•	Engela het 'n vormende invloed op Ilse,	want sy bly betrokke in Ilse se lewe deur gereelde kommunikasie, ondanks die afstand.
•	Engela help Ilse om meer realisties na die lewe te kyk,	want sy wys vir Ilse dat dinge in Japan ook nie perfek is nie.
•	Ilse groei as karakter danksy ander se perspektiewe,	want dit help haar om haar skuldgevoelens en emosionele pyn te verwerk.
•	Sy kies om nie langer in 'n fantasiewêreld te leef nie,	want deur die kimono uit te trek en op te hang, wys sy dat sy afstand doen van haar obsessie met Japan.



•	Ilse begin haar emosionele pyn agterlaat,	want sy kom agter hoe dit haar negatief beïnvloed het.
•	Haar verhouding met haar ma verbeter en bring ontwikkeling mee,	want sy deel uiteindelik eerlik wat met Danie gebeur het.
Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf.		
[25]		

OF

**VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG*****My Japan* – Schalk Schoombie**

		PUNT	VLAK
15.1	Om 'n boek te lees. ✓	(1)	1
15.2	Die karakters/Ilse, Danie en haar ma word bekendgestel./Die situasie tydens die dag van Danie se dood word belig. ✓	(1)	2
15.3.1	Ilse se boeties. ✓ Ilse voel skuldig oor sy verdrinking omdat sy nie ordentlik na hom gekyk het nie. ✓	(2)	1/3
15.3.2	Sy trek haar terug in haar eie verbeeldingswêreld, ✓ naamlik haar Japan/die spookstories. ✓	(2)	2
15.4	Hulle verskyning dui op die ingryping van mediese personeel ná Danie se dood. ✓ Dit verwys na die tydperk waarin Ilse se ma in 'n psigiatriese hospitaal opgeneem is weens Danie se dood. ✓	(2)	1/3
15.5	spanning/gevaar/bedreiging ✓	(1)	4
15.6.1	Negatiwiteit/hopeloosheid. ✓ Die egskeiding van haar ouers. ✓	(2)	1/3
15.6.2	Haar werklike ouers is geskei, maar haar Japannese ouers is gelukkig getroud./Haar werklike ouers baklei heeltyd, maar haar Japannese ouers respekteer mekaar./Haar werklike ouers skep geen familiestruktuur nie, maar haar Japannese ouers werk saam om haar nuwe dinge te leer./Haar werklike ouers spandeer nie tyd saam met haar nie, maar haar Japannese ma dra tee aan en die pa leer haar kaligrafie. ✓ [Enige EEN]	(1)	3
15.7.1	'n Monster met harige kloue/harige gesig/sy lyf versteek in 'n donker wolk/sy mond is altyd oop/'n bloedrooi tong/wat in die somer bokant die vloedhek verskyn/wat die vloedhek oopmaak om oorstromings te veroorsaak/wat mense straf wat water steel. ✓ [Enige TWEE]	(2)	1
15.7.2	Positief – Die tsoenami in Japan ✓ (mitologies deur Akashita veroorsaak) bring Ilse tot die besef dat elke land probleme het/dat 'n mens nie van probleme kan weghardloop nie. ✓ Negatief – Haar boeties verdrink in 'n vloed ✓ (mitologies deur Akashita veroorsaak) wat veroorsaak dat Ilse aan ernstige skuldgevoelens ly. ✓	(4)	4
15.8	Met haar aksie op die verhoog wanneer sy haar skoene ophang. ✓	(1)	2



15.9	Die identiese pakke kere beklemtoon die identiteitsloosheid van jongmense in die Japannese korporatiewe wêreld. ✓	(1)	3
15.10	manga/animasie/animé	(1)	3
15.11	Sy is 'n Goth/alleenmens/pas nie in nie. ✓ Haar zombie-bewegings/swart uitrusting sluit aan by Lukas se verwysing na "horror movies" en beklemtoon dat Elzette as 'n "horror" beskou word. ✓	(2)	3/4
15.12	'n Mens kan nie van jou probleme wegvlug nie ✓ en dat daar nêrens 'n plek/mense is wat nie probleme het nie. ✓	(2)	3
[25]			
TOTAAL AFDELING C: [25]			

**AFDELING A: GEDIG: OPSTEL****[10 PUNTE]**

Inhoud	Uitstekend	Goed	Bo-gemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Swak	Beroerd
	7	6	5	4	3	2	0–1
Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks.	Uitstekende begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite en motiverings is uitsonderlik.	Goeie begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite word goed deur motiverings ondersteun.	Redelike begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite met redelike motiverings gegee.	Gemiddelde bewys van inhoud en strekking van gedig. Enkele feite word met motiverings ondersteun.	Onbevredigende bewys van inhoud en strekking van gedig. Feite word met enkele motiverings ondersteun.	Matige bewys van inhoud en strekking van gedig. Slegs enkele feite maar geen motiverings nie.	Geen bewys van inhoud en strekking van gedig nie. Feite en motiverings verwys nie na gedig nie.
Struktuur en taal	Uitstekend/Bo-gemiddeld			Goed	Ondergemiddeld/Swak		
	3			2	0–1		
Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel.	Uitstekende en samehangende struktuur. Argumente is goed gestruktureer. Taalgebruik, toon en styl is uitstekend. Inleiding en slot vorm 'n afgeronde geheel met die inhoud.			Basiese struktuur en vloei/samehang in opstel. Enkele bewyse van struktuur en geringe taalfoute, toon en styl redelik teenwoordig. Redelike inleiding en slot.	Struktuur toon swak beplanning. Argumente word nie logies gestruktureer nie. Ernstige taalfoute, toon en styl glad nie gepas nie. Geen inleiding en slot nie.		

**AFDELING B EN C: ROMAN EN DRAMA: LITERÊRE OPSTEL****[25 PUNTE]**

Inhoud	Uitstekend	Goed	Bo-gemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Swak	Beroerd
	14–15	12–13	10–11	8–9	6–7	4–5	0 – 3
Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks.	Uitstekende begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings uitsonderlik.	Diepgaande begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings goed ondersteun.	Toon goeie begrip van inhoud en strekking van genre. Feite gegee, maar nie almal met motiverings nie.	Redelik begrip van inhoud en strekking van genre. Enkele feite word gemotiveer.	Basiese begrip van inhoud en strekking van genre. Weinig feite met motiverings word gegee.	Onbevredigende begrip van inhoud en strekking van genre. Slegs enkele feite word gegee sonder motiverings.	Geen begrip van inhoud en strekking van genre nie. 'n Vae aanpak van genre, geen feite met motiverings wat spesifieke genre staaf nie.
Struktuur en taal	Uitstekend	Bo-gemiddeld/Goed		Gemiddeld	Ondergemiddeld		Swak
	9–10	7–8		5–6	3–4		0 – 2
Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel.	Samehangende struktuur. Uitstekende inleiding en slot gegee. Taalgebruik, toon en styl pas by genre.	Duidelike struktuur. Inleiding, slot en paragrawe samehangend. Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek.		Goeie bewyse van struktuur met inleiding maar geen slot/geen inleiding slegs slot. Enkele taalfoute, toon en styl gepas.	Basiese toon van struktuur. Gebrekkige inleiding en slot is gegee. Taalfoute is beduidend en parafering is foutief.		Geen toon van bewyse van struktuur nie. Geen logiese vloei van argumente nie, nie gepas by genre nie. Taalfoute, toon en stylfoute belemmer vloei van argumente.